

WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Jaargang 1

Augustus 1994

Vol. 1

TWIS MET JULLE MOEDER! (Hos. 2:1)

Stry vir die waarheid

Enigeen wat by Nylstroom was (kyk p. 3) sal kan saamstem: vir hierdie nuwe tydskrif op die Gereformeerde terrein in Suid-Afrika hoef nie verskoning gevra te word nie. 'n Mens vra nie verskoning vir die roeping om die pen te gebruik om God se Woord, soos vertolk in die Gereformeerde Belydenisskrifte, daadwerklik bekend te stel nie - nog meer as wat dit op die oomblik in ons land gebeur. Ook is daar 'n ander saak wat beslis onder Gereformeerde kerke en lidmate baie groter aandag moet kry as wat tans die geval is: stry vir die waarheid. Volgens 1 Joh. 4:1 is dit die roeping van elke lidmaat om te stry vir die waarheid op die kerklike terrein, en nie slegs die taak van predikante nie:

"Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan."

Nou begryp elkeen waarom hierdie tydskrif se naam **WAARHEID EN DWALING** is. Die eerste brief van die apostel Johannes het eintlik een groot tema: Die waarheid word bekend gemaak en die dwaling word ontmasker. As ons God ken, so skryf die apostel, ken ons die gees van die waarheid en die gees van die dwaling (1 Joh. 4:6). Daarmee bedoel hy die Heilige Gees van die waarheid en die Antichris se gees van die dwaling. In Hoofstuk 2 vestig Johannes alreeds die aandag op hierdie Antichris en "die baie antichriste wat van ons uitgegaan het" (verse 18 en 19), m.a.w. antichriste wat vanuit die kerk voortgekom het!

Ook in die Ou Testament het die profete voortdurend met die dwalings onder die volk Israel (die kerk van die ou verbond) te kampe gehad. In die dae van Hosea (agste eeu v.C.) was die verval in Israel se godsdiens so verskriklik dat die profeet hom naderhand ten einde raad nie meer tot die priesters gewend het nie, maar tot die individuele lidmate. Die enkelinge, die doodgewone lidmate word tot reformasie van die kerk opgeroep. Dit doen die Here deur sy profeet Hosea. Hy gaan na die kinders van die ontugtige vrou (die geDEformeerde kerk). Hulle kry nou die bevel om met hul moeder te twis!

Twis met julle moeder, twis . . . [Hos. 2:1]

Hierdie twis van die lidmate met die kerk (hulle moeder) is geensins 'n bose twis nie, maar 'n heilige twis. Eintlik is

dit God se twissaak met sy volk. Dit is 'n diepe bewoëndheid, 'n aangrypende besorgdheid oor die toestand van Sy kerk. Die kerkgeskiedenis gee aan ons 'n deurlopende getuigenis oor hierdie "twis" ter wille van die waarheid in die kerk.

Met die tempelreiniging (Mat. 21:12; Mark. 11:15; Luk. 19:45; Joh. 2:17) was dit niemand minder nie as Jesus Christus wat 'n "brute" twis met die owerpriesters en die Skrifgeleerdes aangekoop het. Wat het hulle van die huis van God gemaak? Hy haal die Skrif uit Jes. 56:7 aan:

"Daar is geskrywe: My huis moet 'n huis van gebed genoem word. Maar julle het dit 'n rowerspelonk gemaak" (Mat. 21:13)

Ook die apostels Paulus, Johannes en Petrus het 'n voortdurende stryd teen dwalings in die kerk gevoer.

Na die Bybelse tyd kom die Apologete wat met hulle geskrifte die waarheid van die evangelie in die openbaar verdedig het.

IN HIERDIE UITGAWE

- ★ BYEENKOMS VAN BEKOMMERDE GEREFORMEERDES OP NYLSTROOM..... P. 3
- ★ GRONDVERSKUIWINGS IN DIE GEREFORMEERDE SKRIFBESKOUING..... P. 4
- ★ WAT IS DIE KERK..... P. 6
- ★ FOKUS OP DIE EREDIENS..... P. 8
- ★ BOEKE BESPREKING..... P. 10

In die vyfde eeu het die kerkvader Augustinus 'n twis met sy boek "Die stad van God" ontketen. Maarten Luther se vyf-en-negentig stellings wat hy in 1517 in die openbaar teen die kerkdeur van Wittenburg gespyker het, het 'n ongekende twis in die Roomse kerk veroorsaak. Met hierdie stryd vir die waarheid het die groot Reformasie van die sestiende eeu met alle mag deurgebreek. Ook Calvin se stryd vir die gereformeerde waarheid is 'n voortdurende ontmaskering van die dwalings in die kerk; dwalings ten opsigte van die gesag van die Heilige Skrif, die suiwerheid van die sakramente en die erediens.

Hiermee was die heilige twis in die Gereformeerde kerke nog nie verby nie. Aanhoudend het slim filosowe en teoloë aan die Heilige Skrif, die genadeleer en die geloofsleer getorring. God se soewereine uitverkiesing is deur Arminius en sy volgelingen geplunder en in 1618 moes die kerke die Dordtse Leerreëls opstel om weer die Bybelse verlossingsleer bo alle twyfel te bely. Daarna was dit weer die magtige filosofie van die Rasionalisme (verstandsgodsdienste) en die Duitse Aufklärung (verligting) wat die gereformeerde teologiese skole oorgeneem het.

'n Reaksie teen die kille verstandsgodsdienste was die godsdienstige rigting van die Piëtisme (gevoelsgodsdienste) wat Gereformeerdes in Suid-Afrika as die Metodisme ervaar het. Vandag word dit in die charismatiese bewegings ondervind.

In die negentiende eeu moes die Gereformeerde kerke ook inworstel teen die staatsoorheersing waardeur die uitbreiding van God se Koninkryk lam gelê is. Nuwe kerkreformasies terug na God se Woord het gevolg - alles 'n stryd teen dwalings in die kerk!

Hendrik de Kock is in 1834 in die tronk gegooi omdat hy vir die suiwer gereformeerde leer gepleit het. Daardeur het 'n Afskeiding ontstaan. Die lidmate van die Hervormde Kerk in Rustenburg het geweier om onder die hiërargie van die staatskerk te buig en die vrysinnige gesange te aanvaar. In leer, diens en tug het hulle weer teruggegryp na die Skrif en die Gereformeerde Belydenis. Abraham Kuyper het in 1886 die Doleansie as 'n stryd teen die vrysinnige leer in die Hervormde Kerk geleidelik. In 1944 is die teoloog K. Schilder deur 'n sinode van die destydse Gereformeerde kerke in Nederland uitgewerp vanweë sy "twis" vir die waarheid.

Geen dwalings in die GKSA nie?

Is daar iemand wat met eerlikheid en oortuiging wil beweer dat daar in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie vandag 'n "twissaak" is om uit te maak nie? Onlangs (Maart 1994) het daar in Nylstroom meer as 300 lidmate van verskillende gemeentes ten minste veertien punte geïdentifiseer waaroor daar groot onrus in ons kerklike lewe bestaan.

Dit is nie vergesog om openlik dwalings op die gebiede van die leer, diens en tug op te merk nie. Die belangrikste van hierdie dwalings is die verwerping van die gesag

van die Heilige Skrif. Binne gereformeerde kringe kry ons van die kant van teoloë 'n nuwe soort hermeneutiek (metode van Skrifverklaring). Daarvolgens kan 'n mens (veral as jy behendig is) sekere "moderne" opvattinge uit die Bybel "bewys" - lynreg teen die Bybel en die Gereformeerde Belydenis in.

Die gereformeerde erediens kom ook in die gedrang. Die Psalms as kerkliedere, moet weer eens soos in vroeëre tye 'n stryd om oorlewing voer teen die mensgemaakte gesange. Die stereotipe oppervlakkige kreet dat die Psalms nie Christus verkondig nie, maar slegs Ou Testamentiese tempelsange is, skyn weer die oorhand te kry. Die piëtistiese gevoelsgodsdienste met die onBybelse gedagte dat God se wraak en oordele oor die sonde nie meer in die kerk besing moet word nie, begin weer onder kerkmense, soos in die vorige eeu, opleef.

Oor die suiwer Skrifprediking word baie vrae opgeroep. Word die Kategismus volgens Art. 68 van die Kerkorde nog gereeld in al die gemeentes gepreek?

Die Nagmaalstafel self word nou verdag gemaak in Gereformeerde kerke, en dit lyk of die Nagmaalsbeker volgende op die lys is. Vanwaar die drang om juis oor hierdie instelling van die Paasag voor die kruisiging 'n onrus in die kerke te begin? Beteken die reformatoriese stryd van die sestiende eeu af oor hierdie saak dan niks meer nie?

Verder kom Christelike onderwys in gedrang. Wat het met ons gereformeerdes gebeur dat ons so lam in die knieë hieroor geword het, so doodtevrede met die humanistiese neutrale onderwys vir ons kinders? As ons nog nie wakker geskrik het nie, mag dit later te laat word vir baie van ons kinders.

Ons gaan nie swyg nie

Die waarskuwing van die profeet Amos mag nie in die Gereformeerde kerke vergeet word nie:

Wee die gerustes in Sion en die sorgelose op die berg van Samaria ... [Amos 6:1]

Oor die bogemelde sake, en nog meer, waaroor daar kommer in die kerke bestaan gaan **WAARHEID EN DWALING** hom in die toekomstige uitgawes toespits. Die Gereformeerde Persvereniging Veritas, wat in die komende maande as die Here wil groter beslag en breër bekendstelling sal kry, gaan trag om met die geskrewe woord die kennis van die Heilige Skrif, soos vertolk in die Gereformeerde Belydenis, uit te dra. Daarmee wil hierdie blad geensins met ander gereformeerde tydskrifte in opposisie of kompetisie gaan nie. Intendeel, waar 'n blad die waarheid van die Woord bevorder, moet dit ondersteun en bevorder word. Dit is ook ons roeping. Die toets vir alle blaie is die Heilige Skrif. Indien die Heilige Skrif en die Gereformeerde Belydenis egter aangetas word, mag en sal ons nie swyg nie.

Elke jaar verdwyn 'n gemeentel

Moet ons bekommerd wees oor die toestand in die

Gereformeerde kerke? Of is dit 'n normale verskynsel dat daar in die afgelope vyf jaar elke jaar, volgens Die Alamank, in terme van lidmaatgetalle die ekwivalent van 'n hele gemeente verdwyn? In die afgelope jaar alleen het die totale lidmatetal van die GKSA met 1282 verminder! Durf ons hierdie saak goedpraat terwyl ons bid: "Bewaar en vermeerder u kerk..."? Dit is duidelik: êrens is daar 'n fout! Waarvan is hierdie drastiese verkleining van die Gereformeerde kerke 'n "simptoon"?

Vergaderings alleen sal ons nie help nie. Om mekaar warm te praat en niks te doen nie, het geen effek nie. Kosmetiese behandeling vir 'n aantreklike erediens sal nie die probleme oplos nie. Wat nodig is, is 'n hartgrondige bekering. Ja, ons Gereformeerdes moet ons bekeer terug na God se Woord. "Ad fontes", het die ou reformatore gesê: "Terug na die fontein!" Terug na die suiwer Gereformeerde leer... Terug na die suiwer Gereformeerde erediens waar God in die sentrum staan en nie die mens nie... Terug na die suiwer kerkregering... Dit is hierdie dinge waarvoor die vaders alles feil gehad het in Genève, in Dordrecht [1618 - 1619], met die Afskeiding in 1834, met die Doleansie in 1886, en ook by Rustenburg in 1859.

★ ★ ★ ★ ★

BYEENKOMS VAN BEKOMMERDE GEREFORMEERDES OP NYLSTROOM

Op Dinsdag 8 Maart 1994 het 'n aantal Gereformeerde lidmate by die Gereformeerde Kerk Nylstroom saamgekom. Onder die sowat 350 aanwesiges was daar ongeveer 40 predikante. Hulle is daar byeengebring vanweë hulle gemeenskaplike besorgdheid oor die Gereformeerde Kerke in ons land.

Ter aanvang van die byeenkoms het die aanwesiges die volgende mosie aanvaar:

- ★ Dat die aard van die byeenkoms 'n gesprek is tussen bekommerde Gereformeerdes;
- ★★ Dat eenheid in die Gereformeerde Kerke op die basis van die Skrif, soos dit bely word in die Drie Formuliere van Eenheid van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, vir ons kosbaar is en dat ons vandag daaraan diensbaar wil wees;
- ★★★ Dat ons die bedoeling het om diensbaar te wees aan die deurgaande reformasie van die kerk en alle lewensterreine;
- ★★★★ Dat ons ons in alle sake wat die kerklike lewe van die GKSA raak, gebonde ag aan die ooreengekome Kerkorde van die GKSA.

Op die byeenkoms het verskeie sprekers die woord geneem om sake waaroor hulle besorg is, aan die orde te stel:

Prof. GJC Jordaan het gepraat oor hermeneutiese uit-

gangspunte en Skrifbeskouings wat 'n bedreiging vir die eenheid in leer, diens en tug in die GKSA inhou.

Dr. WP du Plessis het die woord geneem oor teologiese opleiding en teologiese skole.

Ds. GJ Meijer het verontrusting uitgespreek oor die handhawing van arts. 30 en 31 van die Kerkorde ten opsigte van meerdere vergaderings, en 'n pleidooi gelewer vir reformasie ten opsigte van die kategese en CNO.

Ds. RL Vorster het die woord geneem oor die hantering van Sinode-besluite in die tydperk tussen inwerking-trede en beswaar.

Br. G Erasmus het 'n bydrae gelewer oor Bybelvertalings.

Ds. SD Snyman het gepraat oor hoe sake soos byvoorbeeld die ontvangs van attestate geaffekteer word wanneer eenheid in leer, diens en tug wegval.

Br. JG Meijer het 'n oproep gedoen tot deurgaande reformasie op alle lewensterreine.

Br. P van der Kooi het die politieke roeping vir die amp van die gelowiges in die lig van die Skrif toegelig.

Br. G Erasmus het gewaarsku teen die inslag wat die evolusie-teorie by skole vind.

Br. P Oosthuizen het 'n ernstige pleidooi gelewer vir die behoud van die Psalms (Totiusberymings) in ons kerke.

Ds. RM van der Merwe het gepraat oor die ampsbeskousing in die kerke.

Ds. JJ de Kock was aan die woord oor die kerklike weg van tug met betrekking tot teologiese professore.

Ds. ALL Bogaards het gepraat oor godsdiensuitsendings oor radio en TV.

Ds. SD de Kock het 'n kort samevatting gegee van die belydenis van die Christelike volksee.

Aan die einde van die vergadering is 'n mosie aanvaar dat "elkeen in die amp van die gelowige in die plaaslike kerk sy/haar roeping getrou sal uitleef volgens die Skrif, Belydenis en Kerkorde". Daar is ook 'n ad hoc-komitee aangewys om advies te gee waar daar steeds onrustigheid ervaar mag word. Die sameroeper van hierdie komitee is Ds. SD Snyman van Pretoria - Sunnyside.

Sedertdien het die komitee besluit dat diegene wat steeds bekommernis oor die sake het, op Saterdag 10 September om 08:30 in die Gereformeerde Kerk Pretoria byeenkom om die sake met mekaar deur te praat. Ons roeping is steeds om altyd te bly reformeer.

★ ★ ★ ★ ★

GRONDVERSKUIWING IN DIE GEREFORMEERDE SKRIFBESKOUIING

(Rede deur Prof. dr. GJC Jordaan gelewer tydens byeenkoms Nylstroom)

In die sewentigerjare van hierdie eeu het die GKSA korrespondensie met die GKN (Gereformeerde Kerken in Nederland) beëindig. Een van die belangrikste gronde was die beskouings oor Skrifgesag en Skrifverklaring wat in die GKN-geledere posgevat het en geduld is.

Spesifiek die standpunte van teoloë soos Augustijn, Baarda, Wiersinga en veral Kuitert en sy relasionele waarheidsbeskouing was in die brandpunt. In kort kom die relasionele waarheidsbeskouing daarop neer dat daar geen absolute waarheid buite die mens bestaan nie - ook nie in die Bybel nie. Wat waarheid is, word altyd deur die mens en sy omstandighede beïnvloed.

In 'n amptelike rapport oor die Skrifgesag [God met ons, 1981] het die GKN hierdie relasionele Skrifbeskouing aanvaar deur die absolute gesag van die Bybel te verwerp en dit met 'n relasionele gesagsbeskouing te vervang. Dit was die laaste spyker in die doodskis. Die GKSA kon nie meer bande met die GKN handhaaf nie. Die Gereformeerde leer oor die gesag van die Skrif was in die gedrang.

Beskouing spoel oor na GKSA

Daarmee was die stryd helaas nie verby nie. In die laat tagtigerjare het daar in die geledere van die GKSA self stemme begin opgaan ter ondersteuning van die relasionele waarheidsbeskouing.

Die duidelikste hiervan is die publikasie Semeion van J Botha wat in 1988 verskyn het, waarin Botha voorbrand maak vir die relasionele waarheidsbeskouing van Kuitert. Hierdie boek is aanvanklik vir voornemende teologiese studente in Potchefstroom voorgeskryf, maar nadat besware ingekom het, is dit onttrek.

Beswaarskrif Klassis Boland

Die volgende wat van die beweging sigbaar geword het, is die beswaarskrif wat Klassis Boland by die pas afgelope Nasionale Sinode van die GKSA (1994) ingedien het. Dit was 'n beswaarskrif teen die besluite

van die Sinode van 1985 oor die plek van die vrou in die kerk (Agenda 1994:227-236)

Die Sinode het die beswaarskrif afgewys. Nogtans is die inhoud van die beswaarskrif 'n duidelike aanduiding van nuwe beklemtoninge in Skrifbeskouing en Skrifverklaring wat in die geledere van die GKSA begin posvat. Dit blyk alreeds uit die feit dat die eerste deel van die beswaarskrif juis oor "Skrifbeskouing en hermeneutiese uitgangspunte" handel (Agenda 1994:227-232).

Die beswaarskrif is versigtig geformuleer. Ter aanvang word gestel dat ten opsigte van Skrifbeskouing en hermeneutiek (Skrifverklaring) nie van "'n vreemde of nuwe of ongereformeerde of 'Skrifkritiese' benadering" uitgegaan word nie (1994:227). Daar word ook kwistig aangehaal uit beleë gereformeerde skrywers soos Herman Bavinck, Christi Coetzee en Bert Floor. Intussen word die relasionele waarheidsbeskouing ongemerk by die agterdeur ingedra. By watter agterdeur? By die agterdeur van die beswaardes se beskouing oor die duidelikheid (die perspicuitas) van die Skrif.

Die (on)duidelikheid van die skrif

Die duidelikheid van die Skrif staan sentraal in die Gereformeerde Belydenis, met name die Nederlandse Geloofsbelydenis:

★ In die NGB art. 2 bely ons dat "die skepping soos 'n mooi boek is wat ons die onsigbare dinge van God duidelik laat sien" en dat "God Homself aan ons nog duideliker deur sy Heilige en Goddelike Woord bekend maak".

★ In art. 5 word van die Skrif bely dat "die blindes self kan tas dat die dinge plaasvind wat daarin voorspel is."

Die duidelikheid van die Skrif is dus wesenlik aan die Gereformeerde belydenis en Skrifbeskouing.

Klassis Boland relativeer egter die duidelikheid van die Skrif: "Oor sommige sake is die Skrif duidelik . . . ; oor sommige sake is die Skrif onduidelik" (1994:232). Om hulle stelling te staaf, haal hulle dan heelwat voorbeelde aan waar die Skrif dan "onduidelik" is (1994:233-235).

Natuurlik is dit so dat sommige dele van die Bybel moeiliker is om te verstaan. Dat dit die geval is, word in die gereformeerde hermeneutiek erken. Die Skrif leer ons tog self so: "Sommige dinge hiervan is swaar om te verstaan" (2 Pet. 3:16). Die oorsaak hiervan is egter nie by die Skrif nie (asof die Skrif in sigself onduidelik

sou wees) maar by die mens en sy onvermoë om te verstaan. Art. 33 van die NGB verwys na die "stompsinnigheid en swakheid" van die mens.

Vanuit die duidelike of onduidelike?

In die NGB bely ons verder dat God in sy besondere sorg ons onvermoë om te verstaan tegemoet kom (NGB Art. 3 en 33). Sy Heilige Gees is immers nie net die Eintlike Skrywer nie, maar ook die Eintlike Verklaarder van die Skrif. Hoe verklaar die Heilige Gees die Skrif vir ons? Deur die Skrif self.

Hierop berus die gereformeerde verklaringsreël van Skrif-met-Skrif-vergelyking. Gedeeltes wat moeilik is om te verstaan, moet verklaar word in die lig van gedeeltes wat duideliker is. Ons vertrekpunt in die eksegeese is dus altyd die duidelike Skrifdele, en in die lig daarvan word die minder duidelike Skrifdele verstaan.

In die Beswaarskrif van Klassis Boland word die proses egter omgekeer. Hulle neem die minder duidelike Skrifdele as hulle vertrekpunt, en daarvandaan word ook die duidelike bevraagteken. Op bladsy 235 wys hulle byvoorbeeld bepaalde "onduidelikhede" in 1 Kor. 14:33-35 en 1 Tim. 2:11-14 uit, en reken dit is derhalwe 'n "ligitieme vraag" of die ander (duidelike) Skrifdele oor hierdie saak vir ons kan geld.

Die uiteinde van hierdie benadering is onvermydelik dat die duidelikheid van die Skrif bevraagteken word. Dit lei tot die gevolgtrekking dat dit onmoontlik (of kwalik moontlik) is om te weet wat die Skrif sê. Daarom kan die Skrif nie met onaantasbare gesag tot ons spreek nie. Met watter gesag spreek die Skrif dan wel tot ons? Met relasionele gesag. Hoewel die woorde "relasionele gesag" nie in die Beswaarskrif gebruik word nie, is dit die uitgesproke ondertoon daarvan.

God se eer in gedrang

Op bladsy 229 van die Beswaarskrif verklaar Klassis Boland dat hulle die duidelikheid van die Skrif inderdaad erken maar dat "die duidelikheid van die Skrif spesifiek betrekking het op dit wat nodig is vir ons saligheid". Daarmee relativeer hulle die Skrifgesag. Dat dit die geval is, blyk uit hulle stelling onderaan dieselfde bladsy: "Die Skrif is dus inderdaad die reël vir die Christelike geloof en lewe, maar is dit nie op dieselfde wyse vir sowel geloof as lewe nie?". Vir die geloof in Christus as Verlosser is die Skrif normatief, maar vir hoe die verlostes in Christus moet lewe, is die Skrif relatief (vgl. ook bladsy 228).

Dit bring ons uit by die vraag oor wat sentraal in die Skrif staan. Die Beswaarskrif stel dat "God se verlossingswerk in Christus" die sentrum van die Skrif vorm (1994:229). Op sigself klink dit baie vroom. Maar dit laat val die klem anders as in ons gereformeerde belydenis. Waar plaas die gereformeerde Skrifbeskouing dan wel die sentrum van die Skrif? Kom ons gaan tel die drade op by die Reformasie.

Luther en Calvyn

By die Reformasie sien ons dat daar reeds by Luther en Calvyn klemverskille in Skrifbeskouing was. Albei beskou Christus as die sentrum van die Skrif, maar elk tog op 'n ander manier. Vir Luther val die klem op die regverdigmaking deur die geloof in Christus; vir Calvyn val die klem op die soewereiniteit van God.

Daarna het die Lutherse rigting en ook die Piëtisme ontwikkel wat die mens se verlossing as sentrum van die Skrifopenbaring beskou, en die gereformeerde rigting wat die soewereiniteit en heerlikheid van God as dié sentrale openbaring van die Skrif beskou. 'n Soteriologiese (verlossing) benadering teenoor 'n dok-sologiese of Koninkryksbenadering.

In die gereformeerde beskouing staan die verlossing in Christus hoegenaamd nie op die kantlyn nie. Allermens. Dit staan voluit in die sentrum van die Skrif. Maar nog belangriker as dit is die eer van God Drie-enig. God bewerk alles tot lof van sy heerlikheid - ook die verlossing van sy uitverkorenes [vgl. Ef. 1:3-14].

Hierdie pragtige balans word in art. 2 van die NGB weerspieël: "God maak Homself aan ons nog duideliker deur sy Woord bekend, soveel naamlik as wat ons nodig het in hierdie lewe, tot sy eer en die saligheid van die wat aan Hom behoort". Die eer van God staan voorop; die saligheid van die uitverkorenes is onafskeidbaar daaraan verbonde.

Waar lê die verskil?

En tog verplaas die Beswaarskrif van Klassis Boland die sentrum vanaf die eer van God na die verlossing van die mens (1994:228,229). Hierdie verskuiwing het ingrypende gevolge vir die kerk se beoordeling van 'n kwessie soos dié van die vrou in die amp.

★ Wie ons verlossing as sentrum van die Skrif sien, het as kriterium waarmee die vraagstuk beoordeel word, die vraag: "Watter verskil maak dit aan ons saligheid?" Dit kan tog geen verskil maak nie; derhalwe is dit 'n middelmatige saak en is die Skrifgegewens oor die plek van die vrou relatief.

- ★ Wie die eer van God as sentrum beskou, het as kriterium die vraag: "Watter verskil maak dit aan die eer van God of die vrou in die amp dien of nie?" En om dan die eer van God te soek, word nederig geluister na wat God in sy Woord oor die plek van die vrou aan ons bekend maak. Sulke gegewens is dan nie relatief nie maar normatief.

Dit is duidelik dat ons as Gereformeerdes wat ons Belydenis van harte liefhet, die gereformeerde Skrifbeskouing met die volle oortuiging van die geloof moet verdedig. Teenoor die relasionele waarheidsbeskouing moet ons daaraan vashou dat

- ★ God Homself en sy wil duidelik in die Skrif aan ons bekend maak;
- ★ die Bybel die onbetwiste waarheidsbron van God se openbaring is;
- ★ God se openbaring nie van mense afhang nie maar gesagvol tot ons spreek oor alles wat dien nie net tot ons saligheid nie, maar bo alles tot eer van God.

★ ★ ★ ★ ★

WAT IS DIE KERK?

'n Maklike[?] katkisasievraag

'n Mens stap in die straat by 'n kerkgebou verby. 'n Groot kennisgewing vertel die naam van die kerk. Meestal is dit soos volg: Die "ABC VAN SUID-AFRIKA", of die "XY KERK VAN SUID-AFRIKA". In die gewone omgang word dikwels slegs die verkorting van 'n kerk se naam met enkele letters aangedui, bv. die NG Kerk, die APK of AGS, ens. So word die afkorting GKSA vir die "Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika" gebruik. Maar wat is 'n uiters belangrike punt in hierdie laasgenoemde naam? Die feit dat dit in die meervoud is: "Kerke"!

'n Opname onder lidmate in Gereformeerde Kerke en ander Afrikaanse Kerke het 'n verstommende feit na vore gebring: Verreweg die meeste sien die kerk as een groot, landswye struktuur waarvan die plaaslike gemeente 'n onderdeel is. Dit is die oorwegende opvatting: die Gereformeerde Kerk Klerksdorp, so word gedink, is byvoorbeeld 'n lid van die groot geheel van 'n organisasie, 'n tak van die eintlike landskerk, nl. die Gereformeerde Kerk. Soos 'n groot handelsbank as 'n maatskappij landswyd op verskillende dorpe en gebiede takke het, om sy belange te behartig, so is daar dan ook verskillende gemeentes wat die belange van die groot Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika moet verteenwoordig. So dink baie mense. Hierdie groot

struktuur met sy rade en kommissies en deputaatskappe is dan die "direkteure", die "grootbase" wat die besluite vir die gemeentes moet neem en hulle beheer. Volgens die Bybel is so 'n opvatting oor die kerk 'n groot dwaling. In die kerkgeskiedenis staan hierdie stelsel van kerkregering bekend as die kollegialisme: 'n vergadering of groep persone buitekant die kerkraad regeer die gemeente.

Maar daar is ook 'n ander opvatting van kerkregering wat nie suiwer is nie. Dit is die teenoorgestelde uiterste van die kollegialisme en kan die independentisme genoem word. Waar gemeentes met dieselfde belydenis 'n afspraak as kerke met mekaar het om mekaar voortdurend oor leer, diens en tug te raadpleeg, kry ons die verskynsel dat 'n dominee of 'n kerkraad somer op sy eie die liturgie begin verander. Byvoorbeeld word die nagmaalstafel afgeskaf sonder om die ander gemeentes te raadpleeg; gesange word ingevoer sonder om eers advies by die ander kerke te vra. Die gevolg? Orde begin wanorde in die huis van die Here word.

Wat leer die belydenis?

Aan elke persoon wat in 'n Gereformeerde kerk 'n belydende lidmaat word, word die vraag gestel: Wat glo jy van die heilige, algemene Christelike kerk? (Heidelbergse Kategismus, vraag 54).

Let wel: Dit is 'n vraag van die geloof. Hier gaan dit nie oor wat een of ander teoloog of slim filosoof sê wat die kerk is nie, maar wat glo jy van die kerk volgens die Here se Woord? So is die antwoord op ten minste dertig Skrifgedeeltes gebaseer:

Dat die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord, in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe vergader, beskerm en onderhou; en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly.

In hierdie antwoord (op grond van die Bybel) val al die aandag op Jesus Christus.

Dit gaan oor die CHRISTUS van die kerk en nie ten eerste oor die kerk van Christus nie.

Dit gaan oor die DAAD van Christus en nie ten eerste oor mense se aksies nie.

Dit is die HEILIGE GEES deur wie Christus werk en nie mense wat met hulle geesdrif die voortou neem nie. Hy doen dit deur GOD se WOORD en nie deur die woord of denke van mense nie.

Hierdie DAAD van Christus is duidelik beskrywe: Hy vergader, beskerm en onderhou . . . Wie? Die kerk - die "gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is".

Slegs een kerk

Die gereformeerde Belydenis (die Drie Formuliere van Eenheid) praat nêrens van verskillende kerke nie, maar slegs van die een "heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges" (vergelyk die Twaalf Artikels).

Die Nederlandse Geloofsbelydenis is in Art. 27 baie duidelik: Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk...

Ook die Heidelbergse Kategismus praat nie daarvan dat Christus verskillende gemeentes vergader nie, maar die één "gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is". Nie alleen individue word uitverkies nie, maar ook 'n gemeente.

Presies in ooreenstemming met bogenoemde belydenisstukke word in art. 28 van die NGB gepraat van een en dieselfde kerk as daar gesê word dat "daarbuite geen saligheid is nie", en juis daarom "almal verplig (is) om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal - as lede van een en dieselfde liggaam - aan sy leer en tug te onderwerp".

Die kerk op 'n bepaalde plek

Die verpligting dat alle gelowiges hulle by die één ware kerk moet aansluit (art. 28), is nie vaag of sonder adres nie. Hier is ook geen sprake van 'n soort "onsigbare kerk" met "onsigbare lidmate" nie. Nêrens praat die Bybel of die belydenisskrifte van 'n "onsigbare kerk" nie. Christus se vergaderwerk van die gemeente kan gesien en beleef word. NGB Art. 28 sê baie duidelik dat dit die "plig van alle gelowiges (is) om hulle by dié vergadering (dit is die een kerk) aan te sluit, waar God dit ookal gevestig het". Dit is op 'n bepaalde plek in 'n stad of 'n plattelandse dorp of oral waar Christene kan vergader.

Hierdie kerk (soms ook die "plaaslike gemeente" genoem), is die kerk. Dit is daár waar Christus sy Woord gereeld in waarheid laat preek en waar die doop en die nagmaal suiwer bedien word. Dit is daar waar Hy ouderlinge roep om die kerk te regeer en die tug toe te pas en diakens kies om sy barmhartigheid aan mense te bedien.

Hierdie dinge, prediking van die Woord, bediening van die sakramente en uitoefening van die kerklike tug, is nie onsigbare dinge nie. Met opset word nie gepraat van 'n "onsigbare kerk" nie. Wat wel waar is, is dat die een algemene Christelike kerk "waar God dit ookal gevestig het", vir ons mense onoorsienbaar is. Net soos die

mensheid nie onsigbaar is nie, maar onoorsienbaar, so is dit ook met die Here se kerk.

Waar is nou die "topbestuur" van hierdie een kerk wat op 'n bepaalde plek gevestig is? Waar is die gemeente se "direksie" en wie is die hoof? Rome sê dat dit die Pous in die Vatikaan is. Ander sê dat dit 'n moderatuur van uitgesoekte predikante is. Sommige noem dit somer kortweg 'n hoofbestuur. In sekere gereformeerde kringe bestaan die gedagte dat die sinode (vergadering van kerke) die hoofgesag oor die gemeentes is. Dit kan egter nooit. Alleen Jesus Christus is die enigste Hoof van sy kerk (Ef. 1:10; art. 29 NGB). Hy doen dit deur sy Woord en Gees (Heidelbergse Kategismus, antw. 54). Daarvoor gebruik Hy diensknegte (in die Bybel slawe genoem - slawe van hulle enigste Here). Hulle is die dienaars van die Woord (predikante); dienaars van die orde en tug (ouderlinge) en dienaars van barmhartigheid (diakens).

Hiërargie (priesterheerskappy), sinodokrasie (sinode-oorheersing), staatsoorheersing, burokrasie (administratiewe oorheersing) en dominokrasie (waar die predikant oorheers) ken die Skrif nie! Dit is van die grootste dwalings wat kan bestaan.

Die valse kerk

Die enigste "ander kerk" is die valse kerk. Hierteen word ons met ons Belydenis in art. 29 NGB dringend gewaarsku. Met die kennis van God se Woord dat die Antichris uiteindelik sy plek tot binne die kerk sal inneem, en dat "hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is" (2 Tess. 2), moet ons en ons kinders die valse kerk kan uitken. Ons moet duidelik weet dat hierdie valse kerk "aan homself en sy besluit meer mag en gesag (toeskryf) as aan die Woord van God". Hierdie valse kerk "wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie; dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord beveel het nie, maar neem weg en voeg by na eie goeddunke; dit vertrou meer op mense as op Christus" (NGB art. 29).

Jou kerk nog die ware kerk?

Om daarvan seker te wees, sal jy op 'n aantal vrae duidelike antwoorde moet kry:

Ten eerste: Preek die predikant God se Woord suiwer volgens die Heilige Skrif?

Ten tweede: Gebruik die gemeente die sakramente suiwer soos Christus dit ingestel het?

Ten derde: Word die kerklike tug suiwer volgens die

Skrif toegepas?

(Op hierdie laaste punte, die merktekens van die ware kerk volgens art. 29 NGB, sal WAARHEID EN DWALING in die toekoms verder ingaan).

★ ★ ★ ★ ★

FOKUS OP DIE EREDIENS

PREKE VANAF ONS KANSELS: WIE SE WOORD IS DIT?

In 1942 het die Nederlandse predikant, ds. B. Holwerda, 'n lesing gegee met die titel: "... Begonnen hebbende van Moses . . ." Daarin het hy die openbaringshistoriese benadering tot preekmaak verduidelik. "Openbaringshistories" het te doen met die geskiedenis van God se openbaring. Wat die Here bekend maak, geskied oor 'n tydperk, deurloop 'n geskiedenis. Hierdie geskiedenislyn is van besondere belang vir hoe daar gepreek moet word oor geskiedenisstof.

Die probleem

Vandag sit ons steeds met die probleem: Hoe is dit wat in die Bybel staan, op my van toepassing? Wat is die snypunt tussen die teks van die Woord van God en ons vandag? Wat is die verband tussen eksegeese en toepassing? Hoe moet Christus uit die Ou Testament verkondig word? Waarom laat sekere preke uit die historiese stof 'n mens koud?

Foute

Holwerda dui aan dat geskiedenisstof in die Bybel dikwels verkeerd gepreek word. Gewoonlik word twee foute gemaak:

- ★ Die snypunt tussen ons en wat in die Bybel staan, word in die situasie geneem. Die situasie van die Bybelfiguur word sommer so op vandag van toepassing gemaak. Dit lei tot soetsappige moralisering en allegorisering. Die toepassing van 'n preek oor Elia klink dan iets soos: "... ons het almal mos maar ons besembos . . ."; of die gedeelte waar Jesus die storm stilmaak, lei tot die gevolgtrekking: "So vaar ons elkeen in ons lewensbootjie deur die storms van die lewe". Sulke preke is maar net

stigtelike opmerkings wat weinig met die teks te doen het.

- ★ 'n Meer verskuilde gevaar is dat die teksgedeelte altyd in verband gebring word met die kruis, buig of bars. Ongemotiveerde kunsgrepe word gemaak om met elke preek "by Golgota" uit te kom, ongeag watter teks ter sprake is. Dit lei tot onbybelse gedagtespronge en onskriftuurlike kruisprediking.

Nie dáár nie!

Daar word vertel van 'n professor wat baie keer as hy studente se preke beoordeel het, gesê het: "Dis alles waar wat jy sê, maar dit staan nie dáár nie!" Hierdie opmerking van die professor is ter sake by die volgende.

Dikwels hoor mens preke uit historiese stof met die volgende strekking [Die voorbeelde is so gekies om juis aan te toon hoe moeilik dit is om verkeerde Christusprediking raak te hoor]:

- ★ Thomas se twyfel. Toepassing: Christus verlos ons van alle twyfel.
- ★ Dawid en Jonatan se vriendskap. Toepassing: Ware vriendskap is alleen moontlik deur die kruis.
- ★ Hanna se gebed. Toepassing: Gaan met jou smart na die kruis.
- ★ Abraham se offer van Isak. Toepassing: God voorsien sy Seun aan die kruis, soos die bok voorsien is.

Bogenoemde is alles waar maar dit is nie wat dáár geskryf staan nie!

Gelykaanteken

Die voorbeelde wys een fout uit. Die Bybelse situasie word met 'n "is-gelyk-aan-teken" aan ons situasie gelyk gestel. Wat God in Christus vir daardie mense beteken het, word dan as aanskoulike onderwys voorgehou oor dit wat Hy vir ons beteken.

'n Bybelfiguur word vir vandag eksemplaristies (as voorbeeld) voorgehou sonder dat die unieke verband waarin so 'n persoon staan, in berekening gebring word. Geskiedenis is nie losstaande brokstukke nie. Daarom kan nie gesê word: Wat God aan Abraham doen, is gelyk aan wat Hy aan elke gelowige doen nie. Dit gaan oor wat God oor Homself in die geskiedenis van Abraham bekend maak. Die snypunte is struktureel en nie situatief nie. Met ander woorde net soos Abraham op God se belofte vertrou het, so reken God

die een wat sy beloftes glo, as geregverdig.

Nog 'n voorbeeld: Joh. 20 [in sake Thomas] handel nie oor algemene twyfel nie. Die "geskiedkundige", feitelike agtergrond van sy twyfel is dat hy nie glo Jesus is die Seun van God, en dat Hy opgestaan het nie. Christus vergader sy kerk, Thomas is 'n apostel! Judas is verlore; Petrus wankel; Thomas twyfel. Christus maak ruimte vir ons paasbelydenis, sterk en persoonlik. "Salig wie nie gesien het nie en tog glo".

Dit gaan nie om Thomas se twyfel nie, maar oor wat God van Homself bekend maak - dus nie 'n paasverskyning nie, maar 'n paaspreek!

Wie se woord?

Tereg kan ons lidmate [met verwysing na bogenoemde en talle ander voorbeelde van ongeldige eksemplarisme] aan ons predikante vra: "Wie se Woord word van ons kansels af gepreek"?

★ ★ ★ ★ ★

UIT DIE KERKLIKE PERS

KERKE OP DIE GLYBAAN

(Verkort: uit Kerkblad, 23 Maart 1993)

'n Waarskuwing

In Centraal Weekblad van 29 Januarie 1993, het dr. K. Runia van die Gereformeerde Kerken in Nederland (GKN), 'n belangwekkende artikel geskryf waarin hy waarsku teen die gevaar van "kerken op het hellende vlak". Vry vertaal beteken dit "kerke op die glybaan". Reeds in 1981 het 'n dr. G. Dekker van die Vrije Universiteit in "kerken op hellende vlak" verwys. Hy het gewaarsku dat kerke wat ter wille van vernuwing gevestigde opvattinge en gedragspatrone loslaat, teen 'n skuinste begin afgly waarop "stoppen of omdraaien nauweliks meer moegelyk is". Die eindpunt van die glybaan is 'n buitekerklikheid of buite-christelikheid van die individu!

Hand in eie boesem

Waar dr. Runia in sy artikel daarop wys dat die GKN inderdaad reeds aan die gly is, kan dit net ten goede wees vir ons in Suid-Afrika, om betyds hand in eie boesem te steek - terwyl ons volgens algemene gerug gewoonlik 'n dekade of wat agter Europa is. Loop ons nog op die gelyk paaie van gereformeerde Christelikheid, of is ons al klaar op die glybaan?

Siekte van ons tyd

Die vraag is in watter mate ons reeds die prooi geword het van die siekte van ons tyd: die drang na verandering. Die veranderingsdrang is tipies aan die moderne beskawing, wat so gewoon geraak het aan nuwigheide, dat die bestaande gou verveel. Daarom is daar 'n onversadigbare aptyt vir verandering. 'n Mens sou kon praat van 'n verslawing aan verandering. Hierdie tydsgees is in lyn met die New Age-leuse: Alles moet verander. Dit beteken dat ook (en veral) tradisies moet verander. Gevestigde opvattinge en gedragspatrone wat soos grashalms is waaraan die "kerk teen die skuinste" vashou, word sonder meer uitgepluk.

Bedreiging vir dit wat vasstaan

Waar opvattinge en gebruike in die kerke egter sonder die eis van reformatie bloot maar voor die veranderingsdrang moet swig, word die kerk stelselmatig teen die skuinste (glybaan) afgestoot. Op die ou einde, wanneer al die veranderbares klaar verander is, kom ook die onveranderlikes onder skoot. Vir die kerke van die reformatie is daar verskeie onveranderlikes: God is onveranderlik. By Hom is daar geen skaduwee van omkering nie (Jak. 1:17). Sy Woord is onveranderlik - dit is baie vas (2 Pet. 1:19) en bly tot in ewigheid (1 Pet. 1:25); God se goedheid (Ps. 100:5); sy trou (Ps. 121:8); sy koninkryk (Ps. 146:10).

Die kerk wat besig is om teen die glybaan af te gly, het in die proses egter so gewoon daaraan geraak om vashouplekke prys te gee, dat dit min verg om ook te laat los as dit by hierdie onveranderlikes kom. Dan hoor 'n mens vanuit die kerke uitsprake soos: "Die Bybel is nie die Woord van God nie, maar 'n boek waarin mense bloot hulle gedagtes oor God neergeskryf het"; of: "Die Bybel kan nie met gesag in ons tyd praat nie"; of: "Daar bestaan nie so iets soos vasstaande Bybelse waarhede nie, aangesien waarheid van mens tot mens en van situasie tot situasie verander". Dit is die taal van prof. H. Kuitert van die GKN. Met sulke uitsprake word die gelowige se greep vinger vir vinger losgeruk van hulle laaste en belangrikste vashouplek teen die steilte.

"Wie meen dat hy staan . . ."

Wanneer ons hierdie dinge hoor, hoor ons ook die woorde van 1 Kor. 10:12,13: "Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan." In die krag van God moet ons staande bly en nie teen die glybaan/steilte begin afgly

nie. Daarom is dit die begeerte van ons hart om van Hom die nodige staankrag te ontvang. En op die knieë in die gebed - daar staan ons die sterkste!

★ ★ ★ ★ ★

BOEKBESPREKING

"... ALSO SPRACH HARRY KUITERT"

In 1992 het Harry Kuitert 'n topverkoper ["bestseller"] geskryf met die prikkelende titel: Het algemeen Betwyfeld Christelijke Geloof uitgegee deur Ten Have te Baarn. Na analogie van die filosoof Nietzsche se bekende werk "Also sprach Zarathustra" is Kuitert se boek soos die opskeif hierbo opgesom, om daarmee uit te wys dat Kuitert die Skrif se gesag verwerp. In die Nederlandse tydskrif Standvastig [Mrt. 1993] gee ds. TJ de Jong 'n resensie van Kuitert se boek waarin hy onder andere op die volgende wys:

Alles van bo

Kuitert stel: "Alles wat wij over boven zeggen, komt van beneden". Daarom is die Bybel vir hom nie die Woord van God nie. Die Bybel bevat Israel en die apostels se nadenke oor God. "Niets meer, niets minder". Die Bybel is vir hom die oudste en mees uitgebreide vorm van die christelike "soeke" van God.

Geen waarheid

In sy boek verwerp Kuitert van harte die gereformeerde inspirasieleer as 'n menslike versinsel. Hy wil niks daarvan weet dat die mens hom op die Bybel kan beroep vir die waarheid nie. Hierdie stelling van hom is glad nie nuut nie. Trouens, hy het die siening al jare terug gehuldig met die Gereformeerde Kerke in Nederland se rapport "God met ons - over het aard van de Schriftgezag".

Dat is onzin

Die boek is nie soseer 'n teologiese boek nie - eerder 'n literêre essay, 'n soort dogmatiek vir rand-kerklikes. Sy doel met die boek is om mense te prikkel deur so af en toe te sê: "Dat is onzin". Die titel van die boek dui daarop dat Kuitert homself op twee fronte verdedig, naamlik die ateïsme enersyds en die gereformeerde belydenis andersyds.

Skrifaanval

De Jong maak 'n paar stellings wat die inhoud van die boek goed tipeer:

- ★ Die boek staan in die lyn van die aanvalle op die Skrif wat reeds in Gen. 3 begin het. Afwyking van die Skrif is die bron van alle ketterye.
- ★ Om nie volkome onder die gesag van die Woord te buig nie, bring 'n antropologiese [bloot menslike] teologiesering na vore, waar die verstand en die gevoel van die mens die toon aangee.
- ★ Die aanpassing van die Skrif by die moderne tyd en tydsges is "adoptie" [saamskraap]-teologie en is verwyderd van die gereformeerde belydenis.
- ★ Die outonome [eiewillige] mens het sedert die sondeval nog altyd 'n diep afkeur in die spreke van God gehad.

Vir ons in Suidelike Afrika is die inhoud van die boek baie relevant. In baie teoloë se harte en monde word Kuitert se gedagtes gevind. Die gevolge van so 'n siening oor die Woord sal rampspoedige gevolge vir die kerke inhou. Daarom is dit so dringend noodsaaklik dat persone wat hierdie Skrifbeskouing begin preek, ernstig vermaan en uiteindelik getug moet word. 'n Mens kan net wonder hoeveel van die simptome wat prof. Dekker in sy boek *De stille Revolutie* vermeld, al by ons sigbaar is. Hy sit dinge op 'n sent neer: "Die tug het omtrent heeltemal verdwyn, die belydenis is min of meer buite werking gestel. 'n Vreemde siening het ontstaan oor die amp en die gemeente. Die kerk word meer demokraties en minder eenvormig. Die Skrifbeskouing verander. Ook die nagmaal het radikaal verander en word somer so terloops gedoen sonder voorbereiding en nabetraging. Sending en evangelisasie, as dit nog plaasvind..." Daar is maar een manier om hierdie afstootlike waarheidsbeskouing teen te staan, en dit is die waarheid van die Woord.

★ ★ ★ ★ ★

GODSDIENS EN KERK

(Uit: Beeld 16 Augustus 1994. Godsdien Aktueel, Prof. Bouke Spoelstra)

KAN HULLE WEER 'N AFRIKAANSE BEWEGING DRA?

Moontlik sal talle kerklike kollegas my kruisig wanneer ek beweer dat kerk en godsdien nie altyd sinoniem is nie en dat kerke of kerklike persone dikwels sonder godsdien naspelers op die politieke front is.

Hoewel ek weet dat veralgemening maklik 'n skewe beeld kan gee, wil ek beweer dat Afrikaners (plaasmense) tot diep in hierdie eeu by uitstek godsdienstig was, maar nie sterk kerklik kon meelewe nie.

"Kerk" was nie vir hulle 'n organisasie buite hulle wat 'n eie karakter op grond van bepaalde dokumente en etos vertoon het nie. "Kerk" was vir hulle die plek en geleentheid waar hulle so een maal in 'n kwartaal heen gaan het om kinders te doop, nagmaal te vier, 'n paar preke oor een naweek te hoor, "aangeneem" te word en heerlik binne die eenheid van die "gemeente" sake van die dag en die weer te bespreek - alles in die kader van geloof in en verantwoordelikheid aan God.

Godsdienplig

"Kerk" was dus 'n geleentheid - maar godsdien was plig en aktiwiteit van die individu, gesin, familie en volk. Godsdien is in die binnekamer, rondom die huistafel, Sondag in die "voorhuis" binne familie of buurskap en in gesprekke met mekaar oor die Bybel en oor geloof beoefen. Godsdien was ter sake by goeie reëns of droogte, gesondheid of siekte, fisiese gevare of belangrike familiegebeure, in die lewe van elke dag. En het daarom elke aspek van die kultuur geraak.

Wat "dominee" gesê het, het groot gewig gedra en kon selfs bepaal of 'n man kolonialis of republikein, pro-Engels of pro-Afrikaans, Nat of Sap sou wees. Die eerste Afrikaanse taalkongresse in die Paarl, omtrent presies 'n eeu gelede, is deur predikante geïnisieer en gedra.

Die weeropstaan van die Afrikaner ná die Driejarige Oorlog hang saam met die rol van predikante soos Kestell, Du Toit en baie ander. Van 1902 is met "Din-gaanfeeste", wat godsdien geadem het, gebou aan die Afrikaanse kultuur, tweede taalbeweging en eie identiteit.

Die gemeenskaplike godsdien kon die kerklike verskille en bitter twis tussen Nat en Sap daar vir 'n oomblik die swye oplê om Afrikaners saam hulle gemeenskaplike

verlede, taal, kultuur en identiteit te laat deel. Die oorlewing van die Afrikaner is in 1933 beseël toe die Bybel in Afrikaans in gebruik geneem is.

Godsdien en nie die kerk, predikant of politikus nie het die ruggraat gevorm wat die kerke, kultuur, ekonomie en moontlik selfs die politiek van die Afrikaner teen gevare, onderlinge wantroue en verraad laat lewe het. Innerlik het die Afrikaanse kultuur, selfs toe alles verlore gelyk het, tot 1938 geleidelik gebloei deur die godsdien wat die mens in sy totaliteit aangespreek het.

Skeiding

Ná 1948 is godsdien en kerk, godsdien en kultuur, godsdien en politiek fataal van mekaar geskei.

In die goue vet jare van die Nasionale Party ná 1948 het godsdien en kerk uitmekaar gerafel. Die "kerk" is al meer geïdentifiseer met "kerkleiers" wat langs en agter politici aan die Afrikaanse samelewing probeer dien het. Godsdien en oortuigings het minder getel terwyl die "kerk" op die breë terrein gespeel het.

Die "kerk" het voorgegee dat dit die voertuig vir godsdien is; mense het godsdien na die "kerk" gedelegeer; in die binnekamer en om die huistafel het mense hulleself van die godsdienplig ontslaan of aan die "kerk" oorgelaat; en sommige het oral begin rondshop om weer godsdien te vind.

Wie goed kyk, sien seine vandag opgaan dat die Afrikaanse taal, identiteit en daarmee saam sy kultuur opnuut en weer officieel deur regering, SAUK, vakbonde, groot sakeondernemings, sakemanne en eie mense wat handdoek wil ingooi, bedreig word. Onwillekeurig kom die vraag dan op: Kan kerk en godsdien weer bymekaar uitkom, sodat godsdien die ruggraat kan vorm vir 'n beweging om die Afrikaanse taal, kultuur en as dit moet die politiek - op 'n verantwoorde basis as roeping van God bo-oor partyverskille heen die toekoms in te dra?

Dryfkrag

Godsdien wat nie verband hou met en uitdrukking vind in kultuur (insluitend politiek) nie, dryf soos 'n olie-druppel op water. Sonder intieme verband met godsdien, mis kultuur ruggraat en dryfkrag. Gelowiges wat die kerk is, moet God dien ook waar hulle hul kultuur-taak uitvoer.

NA DUISTERNIS LIG

Post tenebras lux - Na duisternis lig. Hierdie slagspreuk van die Hugenote is vandag nog net so aktueel as tydens die veelbewoë tyd van die Reformasie in die sestiende eeu en daarna. Met uitsondering van die donker Middeleeue, was die duisternis seker nog nooit só dreigend soos vandag nie:

- ★ die duisternis van verstandsgodsiens;
- ★ die duisternis van Skrifkritiek;
- ★ die duisternis van onbybelse verdraagsaamheid teenoor die verkeerde;
- ★ die duisternis van onkunde oor God se Woord;
- ★ die duisternis van ongehoorsaamheid aan God se Woord;
- ★ die duisternis van die verdagmaking van ons belydenisskrifte en die relativering van Skrifgesag...

Nooit kan die duisternis egter die Lig uitdoof nie -

- ★ die lig van die Woord,
- ★ die lig van God se genade,
- ★ die lig van Jesus Christus se waarheid.

Daarom wil "WAARHEID EN DWALING" niks anders doen nie, as om weer te staan vir die waarheid van God en die gesag van sy Woord in ons denke: NÁ DUISTERNIS LIG!

★ ★ ★ ★ ★

DONASIES

Hierdie uitgawe is moontlik gemaak deur die bydraes van mense wat die skrywes wat hierin aangeroei is, gunstig gesind is. Aan hulle ons hartgrondige dank. Indien u dieselfde standpunte huldig en 'n bydrae tot volgende uitgawes wil maak, sal dit hoog op prys gestel word. Publikasie-koste en besonderlik postariewe het die hoogte ingeskiet. Tans maak ons staat op u goedgesindheid om ons te help om die waarheid te openbaar en die dwaling aan die kaak te stel.

Indien u ook die volgende uitgawes wil ontvang, stuur dan u donasie met u naam en adres aan:

Die redaksie/administrasie
p/a A.L.A. Buys
WAARHEID EN DWALING
Posbus 525
PIET RETIEF 2380

Of skakel P.S. Steenkamp by (01343) 2496 N/u.

TENSY ANDERS VERMELD, AANVAAR DIE REDAKSIE VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE INHOUD VAN ALLE BYDRAES